

Sanlam Ernstige Siekte-voordele

Sanlam se Ernstige Siekte-voordele is omvattend, bemerkbaar en buigsaam, maar sonder om afbreuk te doen aan ons filosofie om altyd behoorlike dekking aan ons kliënte te voorsien.

Oktober is Borskankerbewustheidsmaand

Sanlam se 2017-statistieke vir Ernstige Siekte

- ① 77% van die eise vir ernstige siekte wat aan vroue uitbetaal is, was vir kanker.
- ② Van die eise wat vir kanker uitbetaal is, was 31% vir borskanker.
- ③ Meeste van die eise vir ernstige siekte wat aan vroue uitbetaal is, was in die ouderdomsgroep ouer as 46 jaar.

Statistieke van die voorkoms van borskanker in Suid-Afrika

Volgens die **Nasionale Kankerregister** is die volgende aantal borskankergevalle by vroue in 2014 histologies gediagnoseer:

Groep 2014	Aantal gevalle	Leeftyd-risiko	% van alle kankers
Alle vroue	8230	1:27	22%
Asiatiese vroue	456	1:15	40%
Swart vroue	3226	1:53	20%
Kleurlingvroue	1169	1:19	29%
Wit vroue	3370	1:11	21%





Die drie grootste risikofaktore vir borskanker



Om 'n vrou te wees – meer as 99% van nuwe gevalle van borskanker kom in vroue voor.



Om ouer te word – meer as 80% van borskankers kom voor in vroue ouer as 50 jaar. Die meeste mans wat borskanker kry, is ouer as 60.



Aansienlike familiegeskiedenis – dit kom egter nie algemeen voor nie, aangesien slegs ongeveer 5% van mense wat met borskanker gediagnoseer word, 'n foutiewe BRCA1- of BRCA2-geen oorgeërf het.

Bron: <http://www.mybreast.org.za/breasthealth-breast-cancer/>

Borskankerdiagnose

Die meeste pasiënte ondervind emosionele probleme ná hulle met borskanker gediagnoseer is en die moeilikste tyd is ná die diagnose maar vóór chirurgie of behandeling begin. Borskankerpasiënte ondervind die volgende emosies:

- ⤵ Woede
- ⤵ Depressie
- ⤵ Angs
- ⤵ Hulpeloosheid
- ⤵ Magteloosheid
- ⤵ Weerloosheid
- ⤵ Voel die lewe is onregverdig.



Borskankerpasiënte ondervind ook sekere vrese in verband met hulle behandeling, soos die vrees vir naarheid en opgooi; vrees vir pyn; vrees vir die nuwe-effekte van die behandeling; en vrees vir liggaamlike skending.

Borskanker affekteer nie net die pasiënt nie, maar ook die pasiënt se familie en vriende. Dit kan dalk die familie 'n tydjie neem om te verstaan wat aangaan sodat hulle die pasiënt in dié moeilike tyd kan ondersteun. Hulle kan ook gevoelens van hulpeloosheid, skok en verwarring ervaar. Hulle kan dit moeilik vind om hierdie emosies te hanteer en te bepaal hoe hulle die pasiënt ten beste kan ondersteun.

Bron: <http://www.mybreast.org.za/breasthealth-breast-cancer/>

Finansiële bekommernis

Bykomend tot die bekommernis oor oorlewing en behandeling, vind baie pasiënte dat hulle hul nog oor die koste van mediese behandeling ook moet bekommer. Baie mense vind dat hulle mediese fonds uitgeput raak, of dat hulle nie die dekking het wat hulle gedink het hulle het nie. Daar is egter ook ander koste, nie net mediese koste nie, wat opduik ná 'n kankerdiagnose.

Bron: <http://www.mybreast.org.za/breasthealth-breast-cancer/>





Die behoefte aan Ernstige Siekte-dekking

As jou kliënt met 'n ernstige siekte soos borskanker gediagnoseer word, het hulle ál hulle energie nodig om teen die siekte te veg en die laaste ding waarop hulle hul behoort te bekommer, is finansies. En dit is waarom dekkingsprodukte vir ernstige siekte so belangrik is. Anders as inkomstebeskermerprodukte, mediese fondse en oorbruggingsprodukte, **bied produkte vir ernstige siekte dekking vir die verskillende bykomende en dikwels onverwagte koste wat opduik ná 'n diagnose van ernstige siekte.**

Ekstra koste in hierdie tyd, bv. vir 'n borskankerpasiënt, kan die volgende insluit:

- ① Reiskoste na behandelingsentrums.
- ① Privaat verpleging of alternatiewe behandeling wat nie deur 'n mediese skema gedek word nie.
- ① Kosmetiese of rekonstruktiewe borschirurgie, wat dikwels nie deur mediese skemas gedek word nie.
- ① Die koste van 'n pruik, aangesien haarverlies een van die nuwe-effekte van chemoterapie kan wees. Pruie van sintetiese vesel of regte hare kos tussen R400 en R4000; die gemiddelde koste is van R1000 tot R2000.
- ① Koste vir familieledede om die pasiënt in die hospitaal te besoek.
- ① Om bykomende hulp in diens te neem om met kinders en die huis te help terwyl die pasiënt te siek is om dit self te doen.
- ① 'n Onbeplande vermindering in inkomste as 'n kliënt besluit om langer siekteverlof te neem sodat sy vinniger weer gesond kan word.
- ① Die finansiële terugslag as 'n kliënt besluit om korter ure te werk ná 'n diagnose in 'n poging om die stres en uitputting wat met kankerbehandeling gepaard gaan, beter te hanteer.

Iemand kan ook gesond genoeg wees om weer ná 'n ernstige siekte te werk, maar kan tussen 3 en 10 jaar ná so 'n siekte onversekerbaar wees.

Ernstige Siekte-dekking kan kliënte help om spaargeld op te bou vir so 'n tydperk van onversekerbaarheid.

Sanlam Kankerdekking

Mense is gewoonlik meer bekommerd oor die risiko om kanker te kry as oor die risiko vir enige ander siekte. Dit is hoekom Sanlam hierdie bekommernis aanspreek deur kankerdekking kragtens 'n voordeel slegs vir kanker aan te bied: die Kanker- or Kanker Plus-voordeel. Hierdie voordele kan op hulle eie uitgeneem word om kliënte in staat te stel om hulle grootste bekommernis direk te verseker, of dit kan met ons ander Ernstige Siekte-voordele gekombineer word om die kliënt se kankerdekking te verhoog. Dieselfde kankerdekking word ook aangebied as deel van ons Omvattende Ernstige Siekte- of Omvattende Ernstige Siekte Plus-voordele.

Behoorlike dekking vir alle kankers, insluitend borskanker

Met die ontwerp van ons produk het ons 'n aandagtige ontleding gedoen van ons kliënt wat met borskanker gediagnoseer word, so wel as alle behoeftes ten opsigte van behoorlike dekking en het seker gemaak dat ons produkaanbod spesifieke bekommernisse in verband met borskanker insluit. So, behalwe die algemene kanker gebeurtenisse waar borskanker outomaties by al die definisies ingesluit word, het ons ook eisgebeurtenisse ingesluit wat spesifiek op borskanker betrekking het, as deel van die dekking vir kanker en vroeë kanker wat deur ons Kanker- en Omvattende Ernstige Siekte-voordele voorsien word.

Daarbenewens verminder ons ook nie die uitbetalingspersentasie vir 'n gedeeltelike mastektomie vir duktales of lobulêre karsinoom in situ waar ons nog nie twee eise vir hierdie spesifieke eisgebeurtenis uitbetaal het nie. Anders as die norm in die mark, beteken dit dus dat ons tot twee maal vir hierdie eisgebeurtenis kan uitbetaal, selfs as die twee eise verband hou.

Ons Kanker- en Kanker Plus-voordele bied baie omvattende kankerdekking en sluit die volgende in:

- ① Dekking vir **kanker**, leukemie, limfoom en **gewasse**.
- ① Omvattende dekking vir **vroeë kanker**, insluitende dekking vir
 - vroeë kanker van alle interne organe;
 - vroeë velkankers met velflapchirurgie;
 - vroeë prostaatkanker;
 - **vroeë vrouekankers**.
- ① Wye dekking vir nie-kwaadaardige breingewasse.
- ① **Allesomvattende** eisgebeurtenisse ook vir kanker bied selfs groter gemoedsrus.



Behoorlike impakgebaseerde dekking

Sanlam se nuwe Kankervoordeel is 'n impakgebaseerde voordeel wat in die behoefte aan meer bekostigbare kankerdekking voorsien, maar steeds jou kliënt behoorlik dek.

Plus-voordele

Vir kliënte wat minder besorg is oor bekostigbaarheid en eerder die maksimum moontlike uitbetaling verlang, bied ons die Kanker Plus-voordeel, wat 100% uitbetaal vir al die ernstigheidsvlakke van kankers wat onder SCIDEP gedek word. Dieselfde is van toepassing op die Omvattende Ernstige Siekte Plus-voordeel.

Só maak ons seker dat ons **behoorlike dekking** voorsien waar dit nodig is.